SIMBOLE VAN DIE VOORTREKKERS

Doel

Om jou te help om die simbole wat vir Voortrekkers belangrik is, te ken en verstaan.

Uitkomste

- Sonder om dit te skets, verduidelik aan 'n nie-Voortrekker hoe die Voortrekkerwapen lyk en wat die dele beteken
- Sing die Hou Koers lied sonder om op 'n papier te kyk.

Doenwenke

- Verduidelik vir jul spanoffisier wat die doel van simbole is
- Bou of teken Die Voortrekkerwapen- en vlag in spanverband met enige middel tot julle beskikking
- Dink aan daardie dinge wat mooi is aan die Voortrekkerwapen- en vlag en vertel 'n storie daaroor
- Soek op die internet of in julle plaaslike biblioteek of julle ander wapens kan vind wat soos die
- Voortrekkerwapen- en vlag lyk
- Leer die Hou Koers lied uit julle koppe uit

Slaggate

- Om nie te weet wat die doel van simbole is nie
- Om nie te weet wat die Voortrekkersimbole beteken nie
- Om nie te verstaan waarom die Voortrekkersimbole belangrik is nie

Afgesien van die nasionale simbole (waaronder die landsvlag, nasionale lied en die staatswapen) het Die Voortrekkers self drie belangrike simbole: ons wapen, ons vlag en die Hou Koers lied. Elke Verkenner moet hierdie simbole ken en respekteer. Dit is net Die Voortrekkers wat hierdie simbole het. Daarom onderskei dit ons beweging van ander.

Die Voortrekkerwapen bestaan uit drie dele:
- die *voorwiel* van 'n kakebeenwa
- 'n brandende *fakkel* daarvoor
- en die *leuse* HOU KOERS

Elkeen van hierdie drie dele het vir ons 'n simboliese betekenis. Dit is nie dat ons dink dat 'n wawiel beter is as 'n motorband nie of dat ons 'n fakkel bo elektriese lig verkies nie. Hoegenaamd nie. As ons daarna kyk, herinner dit ons aan besondere eienskappe wat elke Voortrekker behoort na te leef.

Die wiel
Toe ons voorvaders met hulle waens na die binneland getrek het, was dit die voorwiel wat die rigting van die wa bepaal het. Dit laat ons dink aan leierskap en koersvastheid. Soos die wa steeds vorentoe gebeur het, het die wiele gerol. Die wiel skep die beeld van beweging en vooruitgang. Die wiel moes sterk wees om die las van 'n swaar gelaaide wa oor ongelyke grond te dra. Dit dui op betroubaarheid en diensvaardigheid. Die naaf, die speke, die velling en die band is verskillend van mekaar, maar vorm saam 'n doeltreffende eenheid. Dit herinner ons daaraan dat al is ons almal verskillend, lê ons krag in samehorigheid.

Die fakkel
Ons voorouers het die Christelike beskawing in die vasteland van Afrika ingedra. Die lig van die brandende fakkel simboliseer hierdie Christelike leefwyse en herinner ons daaraan dat ons vandag ook draers daarvan moet wees.

Die idee van die wiel en die fakkel vir ons wapen is afkomstig van prof B Taute.

Die leuse: HOU KOERS
Die eerste Hoofleier, dr NJ van der Merwe, het hierdie leuse voorgestel. Om koers te hou, beteken dat jy nie op een plek besluiteloos bly staan nie, maar rigtingvas volgens vaste beginsels vorentoe beweeg.

Ons gooi nie jakkalsdraaie onder druk nie. Om koers te hou beteken ook om nie af te wyk van die regte pad nie. Dit herinner ons aan die riglyne in die Bybel wat ons koers in die lewe bepaal.
Nou kyk jy sekerlik na ons wapen met ander oë! As oningeligte mense jou terg dat die wapen maar bra outyds is, verduidelik vir hulle watter mooi dinge daarin opgesluit lê. Die Voortrekkers het 'n baie besonderse wapen, wat enig van sy soort in die wêreld is. 'n Mens kan met reg trots daarop wees.

DIE VOORTREKKERVLAG

Toe die Voortrekkers in 1839 in Natal 'n eie republiek gevorm het, wou hulle ook 'n eie vlag hê as die simbool van hulle vryheid en onafhanklikheid. Daar is toe besluit op die kleure rooi, wit en blou van die Nederlandse vlag. Die ontwerp kon nie horisontale bane wees nie, want dan was dit die Nederlandse vlag; en ook nie vertikale bane nie, want dan was dit die Franse vlag. Die burgers van die Republiek Natalia het die probleem slim opgelos deur driehoeke te gebruik: 'n groot wit driehoek met sy toppunt in die middel aan die vlagstok se kant en sy basis oor die hele breedte van die vlag aan die buitekant en 'n kleiner rooi driehoek daarbo en 'n blou driehoek daaronder. Die vlag het trots oor daardie klein republiek gewapper totdat Natalia sy vryheid in die stryd met die magtige Groot Brittanje in 1843 verloor het.

Amper 'n eeu later, toe Die Voortrekkers in 1931 gestig is, het die eerste adjunk-Hoofleier, mev MM Jansen, voorgestel dat hierdie geskiedkundige vlag ons Voortrekkervlag moet word. Haar voorstel is aanvaar en nadat mev Jansen self 'n vlag gemaak het, is die vlag vir die eerste keer gehys by die amptelike stigting van Die Voortrekkers in Bloemfontein op 30 September 1931.
Die standaardvlag is 180cm lank en 120 cm breed. Die lengte van die vlag is altyd 1½ maal die breedte.
Wat sê die vlag vir elke Voortrekker? In enige vlag het elke kleur 'n besondere betekenis. In ons vlag staan rooi vir dapperheid en durf, wit vir reinheid en vrede en blou vir 'n hoopvolle vooruitsig.

Ons hys die vlag hoog sodat ander mense dit ook kan sien en kan weet dat al bestaan die Republiek van Natalia nie meer nie, leef die mooi ideale van daardie voorouers steeds in Die Voortrekkers van vandag voort.

HOU KOERS LIED

Daar is natuurlik een spesiale lied wat elke Verkenner baie goed moet ken, naamlik die Hou Koers lied. Kort nadat ds. Johan van der Walt die Hoofleier van Die Voortrekkers geword het, het die Hoofbestuur 'n ope uitnodiging gerig vir 'n nuwe oorspronklike lied vir Die Voortrekkers. Verskeie persone het woorde en/of musiek ingestuur, maar die een wat dadelik die oog gevang het, was die liriek van Ansie du Plessis.

Christa Steyn is genader om spesiaal 'n melodie vir hierdie woorde te skep. Toe die Hoofbestuur die resultaat hoor, het hulle besef dat Die Voortrekkers 'n treffer gekry het. Hierdie lied is tydens die openingsaand van die 1993-kongres in Bloemfontein bekend gestel en het onmiddellik algemene byval gevind.

Maak seker dat jy ten minste die eerste twee verse van die lied onder die knie het, aangesien die tweede vers spesiaal op jou as Verkenner gerig is. Die derde vers is geskryf vir die volwasse lede van die beweging.

Hou Koers lied

Vers 1:
As die lente oor die velde
in 'n asem groen ontwaak,
leer en speel ons in ons eie,
word die toekoms oopgemaak.
Om die kampvuur; in die stiltes,
weef ons drome in die wind,
strek ons uit na horisonne
sal die hoop ons saam verbind.

Vers 2:
As die son se môreklank
saggies in my oor kom lê,
kies my voete wandelpaaie,
weet ek wat my siel wil hê.
Oor die vlaktes, deur die ruimtes,
lê my spore ankervas,
volg ek bly my volk se roetes
Met geloof se klein kompas

Vers 3:
As die somer in sy glorie
my op tenger halms rig,
reik my hand in diepe ootmoed
na die sekel van my plig.
Erf my kennis, leef my vreugde,
volg die sterre in hul baan,
voel die polsslag van die lewe,
loof die Bron van ons bestaan.

Refrein:
Hou koers! Hou koers!
Deel die liefde vir ons land.
Hou koers! Hou koers!
Pluk die toekoms, vat my hand

Doenwenke

- Hou 'n kompetisie in die span en kyk wie kan die vinnigste 'n legkaart van die Voortrekkerwapen bou
- Kyk wie in die span kan die vinnigste 'n Voortrekkerwapen teken
- Knip die reëls van die Hou Koers Lied uit, skommel dit en kyk watter spanlid kan dit die vinnigste in die korrekte volgorde uitpak
- Sing die hele Hou Koers lied aan die begin van elke spanbyeenkoms

Slaggate

- Verkenners ken net die eerste twee strofes van die lied omdat dit slegs op hulle van toepassing is